

# Hoërskool Montana

## BELEID OOR SOSIALE MEDIA

---

### 1. Doel

Die doel van hierdie beleid is om die amptelike gebruik van Hoërskool Montana se sosialemediakanale te reguleer.

Gebruikers van Hoërskool Montana se sosialemediakanale moet hoë etiese en gedragstandaarde aan die dag lê en moet verantwoordelik optree wanneer hulle idees en inligting op Hoërskool Montana se sosialemedianetwerke uitruil.

Voorts moet gebruikers verstaan dat hulle as verteenwoordigers van Hoërskool Montana verantwoordelike het en dat hulle optrede 'n positiewe of negatiewe uitwerking op Hoërskool Montana se openbare beeld en reputasie kan hê.

Hierdie dokument beoog om Hoërskool Montana te beskerm teen enige onverwagte uitkomstevorstuitend uit die gebruik van sosiale media namens Hoërskool Montana.

Hierdie beleid is aanvullend tot Hoërskool Montana se internetbeleid.

### 2. Organisasoriese bestek

Hierdie beleid is van toepassing op alle amptelike sosialemedia-aktiwiteite deur gebruikers van Hoërskool Montana se sosialemedianetwerke. Hierdie gebruikers is onder meer leerders, administratiewe en ander personeel, asook derdepartyverskaffers wat Hoërskool Montana verteenwoordig.

Nienakoming van hierdie beleid en die prosedures wat daarin beskryf word, kan wangedrag uitmaak en kan daartoe lei dat dissiplinêre stappe teen personelede en/of leerders gedoen word.

### 3. Beleidsverklaring

Hoërskool Montana verwelkom die evolusie en gebruik van sosiale media as 'n instrument vir kommunikasie in die globale wêreld.

Aangesien die sosiale media vir gebruikers 'n openbare platform bied om hulself uit te druk, is dit vir Hoërskool Montana belangrik om duidelike riglyne te vestig rakende verantwoordelike gedrag, standaarde van optrede en verwagtinge, waarby gebruikers moet hou wanneer hulle sosiale media vir amptelike doeleindes gebruik (raadpleeg Riglyne vir Sosiale Media).

Gebruikers moet onthou dat enige amptelike aktiwiteit op openbare platforms 'n impak op die beeld van Hoërskool Montana het en hulle moet hulle dus ten alle tye weerhou van enige aktiwiteit wat hierdie beeld kan skend. Daar moet ook daarop gelet word dat sekere vorms van gedrag as wangedrag beskou kan word ingevolge die bepalinge van Hoërskool Montana se Gedragskode, en ook 'n strafregtelike misdryf kan uitmaak, in welke geval oortreders deur die owerhede vervolgt kan word. Die riglyne, reëls en regulasies vervat in Hoërskool Montana se Gedragskode, wat gebruikers se gedrag tydens normale verkeer reguleer, is ook op gebruikers se aanlyn gedrag van toepassing.

Hoërskool Montana ondersteun vryheid van uitdrukking, akademiese vryheid en die reg van assosiasie. Gebruikers moet hierdie regte egter op 'n verantwoordelike wyse uitoefen sodat ander partye geensins benadeel word nie.

### **3.1 Omskrywing van terme**

3.1.1 Sosiale media: enige webblad of medium wat vir openbare kommunikasie voorsiening maak, insluitende maar nie beperk nie tot sosiale en professionele netwerkblaaie, mikroblogblaaie, video- en fotodeelblaaie, forums, besprekingsblaaie en -groepe, potgooiblaaie en kitsboodskapdienste (insluitende kortboodskapdienste (SMS en WhatsApp))

3.1.2 Skool: Hoërskool Montana

**3.1.3 Gebruikers: leerders, deeltydse en voltydse werknemers, kontrakteurs en derdepartyverskaffers en alle persone wat gemagtig is om inhoud voort te bring vir sosialemediaplatforms wat met Hoërskool Montana geassosieer word**

3.1.4 Ongewenste gedrag: ook, maar nie beperk nie tot, die voortbring van inhoud wat nadelig is vir die beeld of reputasie van Hoërskool Montana of van lasterlike, pornografiese, teisterende en/of onbetaamlike aard is, of gedrag wat 'n vyandige werkomgewing kan skep.

### **3.2 Persoonlike gebruik van sosiale media**

3.2.1 Die persoonlike gebruik van sosiale media moet op so 'n wyse geskied dat geen skakeling of assosiasie met Hoërskool Montana aangedui word nie. Om hierdie rede word persoonlike gebruik nie in hierdie beleid gedek nie.

3.2.2 Hoërskool Montana sal egter die nodige stappe doen indien gebruikers sosiale media gebruik op 'n wyse wat 'n regstreekse, onregstreekse of potensiële impak op Hoërskool Montana se reputasie of belange het.

## **4. Gebruik van sosiale media vir Hoërskool Montana**

Gebruikers moet:

4.1 seker maak dat enige inligting oor Hoërskool Montana of sy aktiwiteite wat bespreek word, nie vertroulik is nie en in die openbaar beskikbaar is

4.2 redelike stappe doen om te verseker dat inhoud wat gepubliseer word, akkuraat is en nie misleidend is nie

4.3 seker maak dat die gebruik van sosiale media voldoen aan die tersaaklike reëls van Hoërskool Montana en die gebruiksbepalings wat op die betrokke sosiale media van toepassing is

4.4 aan die landswette voldoen, byvoorbeeld wette rakende kopiereg, privaatheid, laster, diskriminasie en teistering

4.5 altyd met respek en hoflikheid optree wanneer sosiale media gebruik word

## **5. Gebruik van beelde en video's**

- 5.1 Groot sorg moet aan die dag gelê word voordat identifiseerbare beeldmateriaal of video's geplaas word, en toestemming om dit te doen, moet verkieslik vooraf verkry word.
- 5.2 Daar moet met omsigtigheid opgetree word met betrekking tot bevolkingsgroepe, verskillende geloofsoortuigings, minderjariges, pasiënte en proefpersone.

## **6. Verantwoordelikheid vir implementering**

Die Beheerliggaam, skoolhoof en personeel moet nakoming van die bepalings rakende die aanvaarbare gebruik van sosiale media verseker en moet redelike stappe doen om te verseker dat alle gebruikers van die inhoud van hierdie beleid kennis neem.

## **7. Beleidslewensiklus**

Hierdie beleid moet elke vyf (5) jaar hersien word.

## **8. Dokumentmetadata**

Beleid opgestel: Junie 2017

Datum goedgekeur: 14 Junie 2017

### **Onderteken en aanvaar:**

Mnr CF Vlok (SBL voorsitter): \_\_\_\_\_

Mnr D Diedericks (Skoolhoof): \_\_\_\_\_